

16 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34
Fokusgedeelte: Matteus 6:10

Verloor jou lewe en versoen

Om te bid “Laat u koninkryk kom!” is een van die gevaarlikste versoeke wat jy en ek op Versoeningsdag tot God kan rig!

Dit kan ons leer uit ’n gesprek oor die koninkryk tussen Jesus en ’n bekende kerkleier en teoloog (Joh. 3:1-20). Nikodemus moes van Jesus hoor dat hy die koninkryk nie sal sien as hy nie weer gebore word nie. Al was hy ’n verbondskind, was niks van Nikodemus se natuurlike geboorte of sy kennis van die Woord goed genoeg vir Jesus se ryk nie. As hy nie deur water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk kom nie.

Water dui op die doop en is ’n teken van Nikodemus se wedergeboorte, geloof en bekering (Tit. 3:5; Mark. 16:16). ’n Teken van sterf en opstaan. As iemand bid dat Jesus se koninkryk moet kom en daarvan deel wil wees, dan vra jy in ’n neutedop vir God se hele omkeerstrategie in jou lewe. Jy rig die onveilige versoek om jouself te verloor om met God versoen te word.

Versoening met God gaan nog verder. Het jy geweet dat Jesus direk na die “Onse Vader” net een bede uitsonder? Lees weer Matteus 6:14-15. Waarom beklemtoon Jesus vergifnis en sien Hy dit as die area waarin ons fel versoeking kan verwag? Want aan die kruis sou Hy, die onskuldige, God se toorn oor elke mens se sonde dra. Uit die graf van ons sonde staan Hy op as triomfantlike Koning. Daarom is daar in sy koninkryk geen plek vir mense wat sy vergifnis wil ontvang, maar ander nie wil vryspreek nie.

Vergifnis is die kragtigste getuienis van Jesus se Koningskap wat die kerk kan gee. Vergifnis keer die hardste harte om. Versoening volg dikwels op vergifnis. Versoeningsdag begin op Golgota en bind daarna elke geslag Christene se gewetens om te vergewe.

Sing: Psalm 32:1, 3 (1936)

Dr. J (Jacob) Pretorius (Linden)